

**Donderdag 7 September**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 9:10; 10:10-14**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:12; HK Sondag 30, Vraag 80**

**Die nagmaal van die Here en die Roomse mis**

Die formulering van Vraag 80 is op sigself baie sprekend. Daardeur word reeds duidelik aangedui dat die nagmaal deur die Here ingestel is, terwyl die mis (die RKK se aanduiding van die nagmaal) 'n instelling van mense in die RKK is. Drie sake kom in die antwoord na vore, naamlik die offerande, die teenwoordigheid en die aanbidding van Christus by die nagmaal.

- Wat die *offerande van Christus* betref, begin antwoord 80 met die woorde: “Die nagmaal betuig aan ons dat ons *volkome* vergewing van sondes het ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self *eens en vir altyd* aan die kruis volbring het.” Die nadruk val baie sterk op die woorde *volkome* vergewing, *enige* offer en *eens en vir altyd* volbring. Dit toon baie duidelik aan dat die gelowige volkome vergifnis vir al sy sondes vind in die offer van Christus wat net een maal plaasgevind het. Dit is 'n onherhaalbare gebeurtenis. Daarteenoor word in die Roomse mis die beskouing gehandhaaf dat niemand vergewing van sondes deur die lyding van Christus ontvang nie, tensy Christus daagliks deur die Roomse priesters geoffer word. Hierdie siening van die RKK is in stryd met die Skrif (vgl. Heb. 9:12; 10:10, 12) en daarom onaanvaarbaar.
- Oor die *teenwoordigheid van Christus* by die nagmaal bely ons dat Hy nie liggaamlik teenwoordig is nie, want na sy liggaam is Hy aan die regterhand van sy Vader in die hemel (Hand. 7:55; Kol. 3:1). Hy is wel teenwoordig by die nagmaal, maar deur sy Heilige Gees wat ons in Christus inlyf en ons met Hom verenig. Paulus stel dit duidelik: “Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom” (1 Kor. 6:17). Van 'n fisiese kontak met Christus by die nagmaal is daar dus geen sprake nie. Die RKK beweer egter dat Christus *liggaamlik* in die brood en wyn teenwoordig is. Hierdie siening is reeds in Antwoord 78 met die nodige motivering afgewys.
- Aangaande die *aanbidding van Christus* by die nagmaal bely ons dat Hy aanbid moet word omdat Hy nie net ware mens is nie, maar ook ware God. Ook in die nagmaalsviering moet Hy aanbid word, maar dan waar Hy aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit. Die RKK sê egter dat Christus met die nagmaal in die brood en die wyn aanbid moet word, want as die priester die wydingswoorde (“Dit is my liggaam ...” ens.) uitspreek, verander die brood en wyn in die werklike liggaam en bloed van Christus. Dit is duidelik in stryd met die Skrif (vgl. Antw. 78; Hand. 7:55; Heb. 10:12; Kol. 3:1; Eks. 20:3; Gal. 1:8, 9).

Daarom sê die Kategismus dat die aanbidding van die brood en wyn by die nagmaal deur die RKK “'n afgodery (is) wat vervloek is”.